



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo  
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys  
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

# **NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

## **GRAAD 11**

### **NOVEMBER 2024**

### **EKONOMIE V1**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**



★ I E C O N A 1 ★

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Beantwoord die vrae in volsinne. Die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde moet aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
6. Lees AL die vrae aandagtig deur.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 Natuurlike hulpbronne wat mettertyd vervang kan word, staan as ... bekend

- A nie-hernubaar
- B volhoubaar
- C arbeid
- D hernubaar

1.1.2 Goedere wat ontwerp is om 'n lang tydperk te hou, is ...

- A dienste.
- B duursaam.
- C nie-duursaam.
- D half-duursaam.

1.1.3 'n Ekonomiese stelsel waar hulpbronne op grond van markkragte toegewys word, is 'n ... ekonomie.

- A mark
- B gemengde
- C sentrale
- D sosialistiese

1.1.4 Die nywerhede wat in die tersiêre sektor bedrywig is, sluit ... in.

- A mynbou en konstruksie
- B elektrisiteit en gas
- C vervoer en kommunikasie
- D vervoer en vervaardiging

1.1.5 'n Belastingstelsel waarin die belastingkoers styg soos die belastingbetaler se inkomste toeneem, staan as 'n ... belastingstelsel bekend.

- A progressiewe
- B regressiewe
- C proporsionele
- D kapitaalwinst

1.1.6 Die aantal kinders wat elke jaar lewend gebore word per duisend van die bevolking staan as die ... koers bekend.

- A ongeletterdheids
- B rowwe dood
- C krugeboorte
- D armoede

1.1.7 Die koers waarteen die sentrale bank geld aan die handelsbanke leen, is die ...

- A prima uitleenkoers.
- B repokoers.
- C rentekoers.
- D inflasiekoers.

1.1.8 Die ... verteenwoordig die koste van 'n tipiese inkopiemandjie van goedere en dienste van 'n gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding.

- A Gini-Indeks
- B VPIX
- C produsenteprysindex
- D verbruikersprysindex

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Arbeid	A die waarde van 'n uitset met een eenheid inset verkry
1.2.2 Oop ekonomie	B vind plaas wanneer skaars hulpbronne vermors word as gevolg van verkeerde produksiebesluite
1.2.3 Nasionalisering	C algemene styging in pryse en daling in die koopkrag
1.2.4 Markmislukking	D waar goedere en dienste met ander lande verhandel word
1.2.5 Produktiwiteit	E opsommende saamgestelde maatstaf van 'n land se gemiddelde prestasies van gesondheid, kennis en lewenstandaard
1.2.6 Menslike Ontwikkelingsindeks	F 'n land wat nie met ander lande handel dryf nie
1.2.7 Inflasie	G vind plaas wanneer die staat eienaarskap van besighede van die private sektor oorneem
1.2.8 Infrastruktuur	H die basiese geriewe, dienste en installasies wat vir die funksionering van 'n ekonomie nodig is I gebruik van geestelike en fisiese inspanning om goedere en dienste te produseer

(8 x 1)

(8)

1.3 Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Wanneer kapitaalvoorraad teen dieselfde tempo as die arbeidsmag groei

1.3.2 Die goedere wat skaars is en waarvoor mense bereid is om te betaal

1.3.3 'n Maatstaf van die inkomste verdien deur burgers of permanente inwoners van 'n land, ongeag waar dit verdien word

1.3.4 'n Salaris of loon wat huishoudings vir arbeidsdienste ontvang

1.3.5 Algemeen aanvaar as 'n betaalmiddel wat dien as 'n ruilmiddel

1.3.6 Ontwikkeling wat aan 'n nasie se huidige behoeftes sal voorsien sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om in hul eie behoeftes te voorsien, in gevaar te stel

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**





2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE faktore wat die prys van natuurlike hulpbronne beïnvloed. (2)

2.1.2 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering sy verkrygingsstelsel gebruik om ekonomies gemarginaliseerde groepe op te hef? (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PRODUKSIEFAKTORE**

<p><b>1.</b></p> 	<p><b>2. Arbeid</b></p> 
<p><b>3.</b></p> 	<p><b>4. Entrepreneur</b></p> 

www.economicshelp.org

2.2.1 Identifiseer die produksiefaktor gemerk **3** uit die prent hierbo. (1)


2.2.2 Noem EEN faktor wat die kwaliteit van die arbeidsmag (arbeid) beïnvloed. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *ekonomiese huur*. (2)

2.2.4 Verduidelik die rol wat entrepreneurs in die ekonomie speel. (2)

2.2.5 Hoe kan kapitaalvorming meer positief tot die ekonomie bydra? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Identifiseer die klassifikasie van die finale verbruikersbesteding deur die regering in die grafiek hierbo. (1)
- 2.3.2 Noem enige EEN voorbeeld van sosiale dienste. (1)
- 2.3.3 Verduidelik kortliks die term *inspuiting*. (2)
- 2.3.4 Waarom is invoere nie in plaaslike besteding ingesluit nie? (2)
- 2.3.5 Analiseer die belangrikheid van regeringsbesteding in die ekonomie. (4)
- 2.4 Verduidelik die rol (belangrikheid) van die nasionale rekeninggemiddeldes. (8)
- 2.5 Evalueer die moontlike oorsake vir die voortslepende energiekrisis in Suid-Afrika. (8)
- [40]**



**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwe bank. (2)

3.1.2 Hoekom is rykdom belangriker as inkomste? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LANDE MET DIE GROOTSTE ONGELYKHEID IN INKOMSTE-  
VERSPREIDING WÊRELDWYD IN 2023, GEBASEER OP DIE GINI-  
KOËFFISIËNT**

LANDE	GINI-KOËFFISIËNT
Suid-Afrika	0,63
Namibië	0,591
Columbia	0,548
Eswatini	0,546
Botswana	0,533
Brazilië	0,52
Zambië	0,515
Angola	0,513
Mosambiek	0,505
Zimbabwe	0,503

Suid-Afrika is volgens die Wêreldbank die mees ekonomies ongelyke land ter wêreld met 'n Gini-koëffisiënt van 0,63. Hoër werkloosheid is 'n groot faktor agter die ongelykheidsvlakke.

[Aangepas uit [www.statista.com](http://www.statista.com)]

3.2.1 Identifiseer 'n rede vir die hoër Gini-koëffisiënt in Suid-Afrika uit die inligting hierbo. (1)

3.2.2 Dui aan wat 'n Gini-koëffisiënt van een beteken. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *inkomsteverspreiding*. (2)

3.2.4 Verduidelik die gebruik van die Gini-koëffisiënt om inkomste-ongelykhede te meet. (2)

3.2.5 Ondersoek die impak van inkomste-ongelykheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BANKMISLUKKING EN HULLE GEVOLGE**



Reguleerders het die Eerste Republiek Bank, 'n streeksleener in New York gesluit. Fulton Bank sal hulle mislukte bankdeposito's en bates oorneem. Stygende rentekoerse en dalende kommersiële eiendomme se waardes het finansiële risiko's verhoog vir baie streeks- en gemeenskapsbanke.

[Aangepas uit <https://apnews.com/article/republic-first-bank-closure>. Toegang op 31 April 2024 verkry.]

- 3.3.1 Identifiseer 'n rede vir bankmislukkings uit die inligting hierbo. (1)
- 3.3.2 Noem 'n gevolg van bankmislukkings. (1)
- 3.3.3 Verduidelik kortliks die term *bankmislukkings*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die basiese beginsels van kredietskepping deur banke. (2)
- 3.3.5 Ondersoek die verhouding tussen bankmislukkings en ekonomiese aktiwiteite. (4)
- 3.4 Onderskei tussen *ekonomiese* groei en *ekonomiese ontwikkeling*. (8)
- 3.5 Ontleed die monetêre beleid deur te fokus op die instrumente wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwe bank (SARB) gebruik word. (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE vorme van energie-infrastruktuur. (2)

4.1.2 Hoe trek plaaslike mense voordeel uit inheemse kennisstelsel? (2)

**4.2 DATARESPONS**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Bron: [www.stats.sa.gov.za](http://www.stats.sa.gov.za)]

4.2.1 Identifiseer 'n bedryf met die laagste bydrae in die grafiek hierbo. (1)

4.2.2 Noem EEN operasie in die primêre sektor. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *nywerheid*. (2)

4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die sekondêre sektor in die ekonomie. (2)

4.2.5 Hoe sal verbeterde infrastruktuur tot 'n styging in lewenstandaard bydra? (4)

### 4.3 DATARESPONS

Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

#### S.A HERVERDELINGSMETODES

Suid-Afrika het verskeie herverdelingsmetodes geïmplementeer om die land se historiese sosio-ekonomiese ongelykhede aan te spreek. Pogings om ongelykheid te verminder het gefokus op hoër maatskaplike besteding, geteikende regeringsoordragte en regstellende aksie om rykdom-eienaarskap te diversifiseer en entrepreneurskap onder die voorheen gemarginaliseerdes te bevorder. Stygende skuld verminder die omvang om fiskale beleid verder vir herverdeling te gebruik.

[Aangepas uit <https://imf.org> & Meta AI]

- 4.3.1 Identifiseer Suid-Afrika se herverdelingsmetode genoem in die artikel hierbo. (1)
- 4.3.2 Noem die tipe belasting wat gehef word op die wins wat verkry word wanneer kapitaalgoedere verkoop word. (1)
- 4.3.3 Verduidelik die term *fiskale beleid*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die verskil tussen *grondherverdeling* en *grondrestitusie*. (2)
- 4.3.5 Hoe kan minimum lone die ekonomie bevorder? (4)
- 4.4 Bespreek finale goedere en intermediêre goedere. (8)
- 4.5 Waarom is dit noodsaaklik om mikroleners te reguleer? (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENING
<b>Inleiding</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.</li> <li>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.</li> <li>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.</li> <li>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal nie.</li> <li>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek</li> </ul>	Maks. 2
<b>Liggaam</b> <b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer.	Maks. 26
<b>Addisionele gedeelte:</b> Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/ Debatteer kortliks.	Maks. 10
<b>Slot</b> Enige relevante hoë-orde slot wat die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is/ analiseer sonder om die feite wat reeds genoem is, te herhaal</li> <li>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is</li> <li>• Bykomende ondersteuningsinligting om die besprekings/analise te versterk</li> <li>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Vergelyk en kontrasteer die Suid-Afrikaanse gemengde ekonomie met dié van 'n sentraal beplande ekonomiese stelsel. (26)
  - Evalueer die regering se effektiwiteit in die lewering van sosiale dienste aan plaaslike gemeenskappe. (10)
- [40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die eienskappe van ontwikkelende lande. (26)
  - Hoe kan menslike- en natuurlike hulpbronne gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te verseker? (10)
- [40]**

**TOTAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL 150**





